Respek. Eenheid. Trots

# HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*
*Goed, beter, beste!*

8 Mei 2026

**NUUSBRIEF 16/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Laerskool Sport:** Baie sterkte aan **Luan du Toit** wat hierdie naweek aan die finale **o.13 Bolandproewe** gaan deelneem. HSB is baie trots op jou.

2. **Hoërskool Sport:** 10 van ons hoërskool netbalmeisies neem môre deel aan die finale Kaapse Wynlandproewe wat in Stellenbosch aangebied word. Sterkte aan elkeen van julle. Hou ons naam hoog!

3. **Wintersdrag:** Ons het op Maandag, **4 Mei,** amptelik oorgegaan na volledige wintersdrag. Alle Bonnies behoort nou korrek geklee te wees volgens ons wintersdrag-reëls. Ek sien egter dat daar nog 'n paar hoërskoolleerders is wat nie dasse dra nie. Ek vra almal se samewerking om dit reg te kry. Let asb. daarop dat komberse nie deel van die skooldrag uitmaak nie, en dat leerders dit nie skool toe moet bring nie. Ons het wel 'n vergunning tydens die Junie-eksamen waar leerders 'n kombersie kan gebruik in die lokaal terwyl hulle leer.

4. **Matrieksertifikate 2025:** Daar is nog amptelike NSS-sertifikate van ons Matrieks van 2025 in die kantoor wat afgehaal kan word. Kandidate MOET asb. 'n ID-bewys kan toon voordat die sertifikaat oorhandig mag word.

5. **Mnr. & Mej. HSB:** Kaartjieverkope is nou oop! Kom ondersteun ons finaliste by Mnr. & Mej. HSB 2026 – 'n aand vol styl, kultuur en talent. Kaartjies is beskikbaar elke tweede pouse in Juffrou Landman se klas.

   **Datum:** 20 Mei 2026
   **Prys:** Enkel - R40 (kaartjie)
   Combo - R60 (kaartjie, hamburger en koeldrank)

6. **Akademie:** Ons vra graag ons ouers se ondersteuning om u kind te help motiveer om goed voor te berei vir die komende eksamen. Daar is nog net **3 weke** oor voordat leerders begin skryf. Dit is belangrik dat hulle deurgaans werk aan veral die vakke waarin hulle minder goed presteer. Eksamens is dikwels moeiliker as toetsreekse aangesien meer werk getoets word. Leerders kan sorg dat hulle gereed is daarvoor indien hulle nou reeds begin om stukke werk te bemeester. Leerders kan gerus ook naweke gebruik en solank begin om belangrike werk vas te lê. Ons Graad 12's skryf hierdie eksamen departementele vraestelle.

7. **Moedersdag:** Sondag word Moeders gevier vir wie hulle is en vir alles wat hulle doen en beteken. Niemand kan ontken watter belangrike en onbaatsugtige rol ons moeders in almal van ons se lewens vervul nie. Baie dankie aan elke moeder vir dit wat julle doen, opoffer, en vir die groot bydrae wat julle in ons lewens maak.Ons eer julle! Ek moedig elke leerder aan om iets spesiaals te doen en jou moeder spesiaal te laat voel. En onthou sommer dat Moedersdag nie net een keer per jaar gevier moet word nie. Ons kan ELKE dag ons moeders op die hande dra.

8. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Vr. 8 Mei | Wilna Baatjies verjaar |
| Sa. 9 Mei | HS Sport vs HS Bredasdorp (weg)<br>HS Netbal Kaapse Wynlandproewe, Stellenbosch |
| Sa. 16 Mei | LS Montagu Sportdag |
| Wo. 20 Mei | HS Sport vs Swellendam Sekondêr (weg) |
| Vr. 22 Mei | LS Swellendam Sportdag (O.7 – O.9) |
| Sa. 23 Mei | LS Swellendam Sportdag (O.10 – O.13)<br>HS Sport vs Montana (weg) |
| Wo. 27 Mei | HS Sport vs HS Barrydale (tuis) |
| Do. 28 Mei | Mnr. Hattingh verjaar |
| So. 31 Mei | Juf. Viljoen verjaar |
| Vr. 26 Jun | Skole sluit |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

P. Brink
Waarnemende Skoolhoof

> **"Begin waar jy is. Gebruik wat jy het. Doen wat jy kan."**
> - Arthur Ashe -



# Laerskool Robertson
## 5 Mei 2026

| Netbal | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| 7 A | 0 | 5 | V |
| 7 B | 0 | 4 | V |
| 8 A | 0 | 3 | V |
| 8 B | 0 | 5 | V |
| 9 A | 6 | 1 | W |
| 9 B | 3 | 1 | W |
| 10 A | 5 | 4 | W |
| 10 B | 0 | 3 | V |
| 11 A | 2 | 4 | V |
| 11 B | 0 | 9 | V |
| 12 A | 3 | 12 | V |
| 12 B | 0 | 12 | V |
| 12 C | 2 | 8 | V |
| 13 A | 15 | 11 | W |
| 13 B | 10 | 15 | V |

| Rugby | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| 7 (vs o.8 B) | 0 | 3 | V |
| 8 | 4 | 4 | G |
| 9 | 0 | 10 | V |
| 11 A | 10 | 43 | V |
| 11 B | 17 | 17 | G |
| 13 | 19 | 33 | V |

# Dagbreek Primêr
## 7 Mei 2026

| Netbal | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| 7 A | 7 | 0 | W |
| 8 A | 3 | 0 | W |
| 9 A | 10 | 1 | W |
| 10 A | 6 | 0 | W |
| 11 A | 4 | 5 | V |
| 12 A | 8 | 4 | W |
| 13 A | 16 | 12 | W |

| Rugby | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| 7 | 0 | 4 | V |
| 8 | 2 | 0 | W |
| 9 | 2 | 2 | G |
| 11 A | 17 | 5 | W |
| 11 B | 5 | 17 | V |
| 13 | 21 | 24 | V |

# Hoërskool Hexvallei
# 7 Mei 2026

| Netbal | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| o.14A | 22 | 9 | W |
| o.15A | 9 | 17 | V |
| o.15B | 17 | 9 | W |
| o.16A | 10 | 7 | W |
| o.17 | 19 | 13 | W |
| o.19A | 30 | 14 | W |
| o.19B | 11 | 8 | W |